



Lêerno: 18/2/R
Verwysing: 20230317-2649

Inrigtingshulpbronondersteuningminuut: 0005/2023

Aan: Hoofdirekteur: Distrikte, Distriksdirekteure, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van gewone openbare skole en vaardigheidskole

Onderwerp: Bywerking van leerders se besonderhede op SOBIS se leerdervoerskema (LVS)

1. Die name en optelplekke van leerders in skole wat gemagtig is om van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD)-befondsde LVS-roetes gebruik te maak, word deurlopend op die LVS-databasis op SOBIS vasgelê.
2. Wanneer leerders goedgekeur en gemagtig is om van leerdervoer gebruik te maak, word hul name en optelplekke deur die verantwoordelike amptenare by Hoofkantoor op die LVS-databasis op SOBIS vasgelê. Dit is noodsaaklik dat skole aansoek doen vir nuwe leerders wat van LVS-roetes gebruik maak om te verseker dat sodanige leerders goedgekeur en op SOBIS vasgelê word.
3. Die WKOD is tans besig met 'n proses om die korrektheid van besonderhede en optelplekke van leerders wat gemagtig is om gebruik te maak van leerdervoer op 'n spesifieke LVS-roete na die skool toe te verifieer en te bevestig.
4. Alle openbare skole met WKOD-befondsde leerdervoer moet hiermee die name van leerders wat tans van WKOD-befondsde leerdervoer by die skool gebruik maak, vergelyk teen die name van leerders wat op die LVS-databasis op SOBIS vasgelê is.
5. Wanneer die leerderbesonderhede op SOBIS besigtig en geverifieer word, kan die volgende teenstrydighede voorkom:
 - Leerders wat tans van leerdervoer gebruik maak, maar wie se name nie op die LVS-databasis op SOBIS aangedui word nie; of
 - Leerders wat nie meer van leerdervoer gebruik maak nie, maar wie se name steeds op die LVS-databasis op SOBIS aangedui word.
6. Om toegang tot die leerders se inligting vir elke roete op SOBIS te verkry en te besigtig, moet die volgende prosedure gevolg word:
 - Verkry toegang tot SOBIS.

- Op die kieslys, hou die wyser oor die “Administration”-opskrif. Die “Learner Transport”-opsie sal op die aftreklys verskyn.
 - Beweeg die wyser oor die “Learner Transport”-opsie en die “Capture Screens”-opsie sal op die aftreklys verskyn.
 - Klik op “Capture Screens”.
 - Op die volgende skerm, klik “Proceed” sonder om ’n graad te kies.
 - Op die volgende skerm, klik “Summary Section” en kies dan die gepaste roetenommer.
 - ’n Lys sal nou verskyn wat die gemagtigde leerders op die gekose roete aandui.
7. Bevestig asseblief of die leerderbesonderhede op die LVS-databasis op SOBIS korrek is al dan nie.
8. Indien die besonderhede van leerders en hul optelplekke op SOBIS bygewerk moet word, voltooi asseblief die aangehegte bylae om die volgende aan te dui:
- die name, vanne, grade, SOBIS-identifikasienommers en gemagtigde optelplekke van leerders wat tans van die LVS gebruik maak, maar waarvan die name nog nie op die LVS-databasis op SOBIS verskyn nie; of
 - die name, vanne, grade, SOBIS-identifikasienommers, en gemagtigde optelplekke van leerders wat nie meer van die LVS gebruik maak nie.
9. Skole moet seker maak dat **slegs leerders wat NIE op SOBIS verskyn nie, maar die roete gebruik, in deel A van die bylae gelys word**. Skole moet asseblief nie ’n lys van alle leerders wat die roete gebruik indien nie, omdat dit baie tydrowend is om elke leerder te verifieer en dan agter te kom dat party of die meeste van die leerders reeds op SOBIS verskyn.
10. U word versoek om die tersaaklike en volledig ingevulde dokument(e) te skandeer en dit teen **26 April 2023** by WCEDLTS@westerncape.gov.za in te dien. Indien u ondersteuning vir toegang tot SOBIS benodig, kan u met mnr. Griffet Fransman by tel. 021 467 2247 in aanraking kom.
11. Ná ontvangs van die bogenoemde dokument(e), sal die besonderhede van die leerders wat nie meer van die LVS gebruik maak nie, uit die LVS-databasis op SOBIS verwyder word en die besonderhede van leerders wat in aanmerking kom, sal op SOBIS bygewerk word.
12. U ondersteuning in hierdie saak word waardeer.

GETEKEN: MS ABRAHAMS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING

DATUM: 2023-04-06